N.G. Gemeente Oudtshoorn Welgeluk

Posbus 762, Oudtshoorn, 6620
Van der Westhuizenstraat 23, Oudtshoorn
GPS: Lengtegraad : -33.6103100 Breedtegraad: 22.2012000

VISIE: Om met liefde te bou aan God se Koninkryk

Virtuele erediens op 16 Augustus 2020

N.G. Oudtshoorn-Welgeluk

Prediker: Ds. Bertine Malan

Teks: Levitikus 19:17 -18

Tema: Vergewe, vergewe, vergewe!

17. "Jy mag nie haatdraend wees teenoor jou volksgenoot nie. Maak die geskil openlik met hom uit, moenie wat hy verkeerd gedoen het, teen hom bly hou nie.

18. Jy mag nie wraak neem of 'n grief koester teenoor jou volksgenoot nie, jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die Here.

- **<u>Gemeentelike kommunikasie en eredienste</u>**

As gevolg van die vinnige toename van Covit 19 gevalle in ons gemeente het die kerkraad op Woensdag 29 Julie 2020 besluit om eers te wag met eredienste in ons kerkgebou. Ons gaan dus eers voort met digitale eredienste op die verskillende platforms.

Leraar: Ds. Andries Potgieter: Sel nr. 084 514 2178: E-pos – ajpotgieter@telkomsa.net
Pastoralehulp: Ds. Bertine Malan Sel: 076 524 6455: E-pos – bertinemalan@gmail.com
Kerkkantoor : Tel nr. (044) 272 4391 : Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 – 11:00
E-pos adres: ngwelgeluk@telkomsa.net www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za
Bankbesonderhede: NG Oudtshoorn – Welgeluk: Nedbank: Takkode: 175205: Rek: 1006783962

Die virtuele erediens van 16 Augustus 2020 se onderskeie skakels is soos volg:-

Youtube

https://youtu.be/4n_8bXAzh5U

Facebook live

https://www.facebook.com/NGGemeenteOudtshoornWelgeluk/videos/397720154539026/

en net vir die klankbaan op "Soundcloud"

https://soundcloud.com/user-614749129/erediens-16-augustus-2020

Baie geluk aan ons 70 - plussers wat die week verjaar:

Annatjie Jordaan	16 Augustus
Wynand Du Plessis	17 Augustus
Driena Pieterse	17 Augustus
Marlene Smit	17 Augustus
Susan Prins	20 Augustus
Martin Botha	21 Augustus
Juliana Lodewyk	21 Augustus
Henk Loftie-Eaton	21 Augustus
Maureen Pienaar	21 Augustus

<u>Voorbidding</u>

- **Ons dink in ons gebede aan die volgende persone vir hul gesondheid:**

  - Joey Strydom van Buitekantstraat 57;
  - Johanna Kriel van Rademeyerstraat 43A;
  - Setta Wepener van Jan van Riebeeckweg 26;
  - Andeline Olivier van Melvillestraat 1;
  - Johan Coetzee van Prima Vera 7;
  - Waldo Cloete van Jan van Riebeeckweg 214

  Ons dink ook aan Ina Du Plessis wat ‘n suster aan die dood afgestaan het.

- **Ons bid ook vir die volgende sake:-**
  - Uitkoms vir reën in ons Klein-Karoostreek wat erg deur die voortslepende droogte geraak word asook ander droogtegeteisterde gebiede in ons land;
  - Dankbaarheid vir die reën wat die afgelope tyd in ons streek geval het;
  - Die maatskaplike en politieke uitdagings wat ons land in die gesig staar;
  - Die moeilike omstandighede van medegelowiges in Zimbabwe en Bosnië; en
  - in die besonder die korona-virus pandemie.
    - Sodat die virus nie verder sal versprei nie;
    - Herstel en genesing vir dié wat reeds geïnfekteer is;
    - Vrede en troos vir diegene wat geliefdes verloor het;
    - Vir al die gesondheidspersoneel; en
    - Wysheid vir die regerings wat die uitbreek van die virus moet bestuur.

“Bottels van Hoop” – projek

U aandag word graag gevestig op ons “Bottels van Hoop” - projek, waarvan besonderhede reeds versprei is. Baie gesinne in ons distrik gaan slaap snags honger en daar is nie aanduidings dat die situasie spoedig gaan verander nie. Die bestanddele v.d. sop is eintlik relatief goedkoop en ’n beroep word op u gedoen dat wanneer u inkopies doen u sal oorweeg om een of meer v.d. bestanddele in u mandjie te voeg. Saam kan ons as gemeente ’n baie groot verskil aan baie menselewens maak.

Gemeentelike finansies:

Elektroniese betalings kan gemaak word en daar is ook 'n posbus aangebring in die deurloop teen die muur tussen die moederskamer en die nisse van die kerk, agter die palissade (vir veiligheid, maar bereikbaar per hand) waarin u,u dankoffer/offergawe met ’n geruste hart kan ingegooi.

Daar word graag van die geleentheid gebruik gemaak om almal te bedank wat te midde v.d. baie moeilike en onseker tye steeds nougeset hul bydraes gee.

Baie dankie vir julle liefde, vriendelikheid en lojaliteit.